

SAG.

So sag soos satyn, soos sy (algemeen), soos 'n spons, soos wol, mos; ook Ndl., vgl. Joos 26; Lt. *Spongia mollior* (Wander 2-622).

So sag soos kersvet, soos was, soos gesmelte botter; vgl. Lt. *Sicut mollissimam ceram ad nostrum arbitrium formamus et fingimus*—weich wie Wachs (Otto 80).

So sag soos 'n gebreide velletjie; vgl. ook Lt. *Mollior . . . imula oricilla*—weicher als das Ohrläppchen (Otto 46); *somno mollior herba* . . . sanft wie der Schlummer (Otto 328).

SEDIG.

So sedig soos 'n predikant (kyk by ERNSTIG); so sedig soos 'n maagseerkoei (Springbok).

SEKER. Kyk ook by WAAR.

So seker soos amen in die kerk (Bloemfontein, Zastron); vgl. Hgd. *Das is wie das Amen in der Kirche* (es ist ganz sicher) (Sandv. 2); Ndd. *Dat is so gewiss as 't Amen in de Kärk* (Eck. 157).

So seker soos die bank van Engeland (kyk by VEILIG); vgl. Hgd. *So sicher wie die Bank von Amsterdam* (Wander 4-550); variante in Nederlands, Engels en Frans (vgl. St. 1-66).

So seker as die dood, so seker soos die Bybel; vgl. ek glo daaraan so vas soos aan my eie dood, soos aan die Bybel.

So seker soos padda broek en baadjie dra; „Fanie was amper so seker daarvan as wat padda kaal is” (O.K. 1-43); „Dit is net so seker as padda kikfors is” (O.K. 1-44). Kyk hiervoor by WAAR.

So seker soos sonskyn; so seker as more die heel dag (soms met die toevoeging: en gisteraand ook) (Wesselsbron); vgl. Ndl. *zeker als de dag die schijnt* (Joos 26).

So seker as wat tweemaal twee vier is; vgl. Ndl. *Zoo wis as twee maal twee veer is* (Bergsma 21, ook by Joos, Welters ens.); Ndd. *Dat is so secker as twē mal twē vir sünd, na Folkert Kreg sin Rekenbök* (Eck. 482).

So seker as wat ek leef, staan, sit; vgl. Vls. *Zoo zeker as 'k hier ben (sta, zitte)*; as 'k da' glas bier i mijn hand he' (Teirl. 2-317).

„Dis so seker as tonteldoos en vuurslag broers is” (Van W.—Jacob Pl., bl. 173). Kyk hiervoor by PAS.

„Dan gaan dinge verkeerd loop so seker as blik” (Uit my ou Vrystaat). Vgl. hfst. 1.

„Zoo zeker als een voetbal rond is” (Tel. 25/1/37).

Ironies is: so seker soos 'n hand vol vlieë; vgl. Ndl. *Het is zo zeker als een hand vol vliegen, dat is een handvol vliegen* (Tuinm. 1-131); Hgd. *So fest wie eine Hand voll Fliegen* (Wander 1-987). Vgl. ook 'n belofte is soos 'n hand vol vlieë. Kyk ook by Malh., bl. 346.

SEKUR.

So sekuur (presies) soos 'n bottervorm (Bloemfontein, Ladybrand); so sekuur soos klokslag. Vgl. „Zoo vast en sekuur als de slinger van een ouderwetsche klok” (Telegraaf).

SENUWEEAGTIG.

So senuweeagtig soos roomys in 'n papiersak (Brits, Springs, Cathcart, Laingsburg).

So senuweeagtig soos jellie, soos jellie op 'n vurk (Zastron, Carolina).

So senuweeagtig soos kwiksilwer, soos 'n resiesperd (Klerksdorp), soos 'n riet in die water (Stormberg).

So senuweeagtig soos 'n rooimier; vgl. Eng. *As nervous as an ant.*

SIEK.

So siek soos 'n hond (algemeen); so siek soos twee honde en nog vyf (Bloemfontein); vgl. Ndl. *Ziek als een hond* (Kous.). „Ik ben zo beroerd as zeven zieke honden” (M. Gijzen'n Jeugd); „Zoo ziek as 'n hondje” (Kinderen van ons Volk, bl. 136).

So siek soos 'n kat; so naar soos 'n kat (Vryheid); vgl. Ndl. *Ziek als een kat* (Ik ben quaps en braakzuchtig; dat dikwijls een quaal der katten is) (Tuinm. 317); Gron. *Flou as 'n kat* (flauw, braaklustig) (Molema 166).

So siek soos 'n hoender; vgl. Ndl. *Hij is zoo ziek als een hoen, wil gaarne eten en niets doen* (Welters 99); Hgd. *Krank wie ein Huhn, viel fressen und nichts thun* (Sandv. 33).

So siek soos twee wildebeeste (Bloemfontein); vgl. Gron. *zijk as 'n peerd* (vrij erg ziek) (Molema 166); Ndl. *De koorts hebben als een paard*; in Afrikaans egter perdfriis.

SKAAM. Kyk ook by SKU.

So skaam soos 'n hond wat vet gesteel het; . . . soos 'n hond wat by die hoederneste gevang is. Vgl. Hgd. *Er sieht sich um wie ein Hund, der das Fleisch aus dem Topfe gestohlen hat* (Wander 4-1416); Ndl. *Beschaamd als een ezel die zijnen zak afwerpt* (sch.) (Joos 12).

SKAARS.

So skaars soos 'n wit kraai, 'n wit kaffer; vgl. Ndl. *Raar as de witte hazen, de witte raven, de witte mollen* (Joos 20); Vls. *Zoo raar as ne witten hazen*—zeer zeldzaam (Teirl. 1-19); Hgd. *Er ist ein weisser Rabe* (Seiler 163), *selten wie ein weisser Floh* (Rabe, Sperling) (Wander 4-439); Lt. *Corvo rarior albo* (Wander). Vgl. „so skaars soos swart diamante” (Die Huisg. 14/6/'40).

„Die Franzosen bezeichnen das Seltene durch: weisse Amsel, die Italiener durch weisse Fliegen, die Korsen durch grüne Pferde, die Wallonen durch blaue Hunde” (Wander 3-1449).

„Geleerde Boesmans is dan ook so skaars as wors in 'n hondestal” (Von W.—J. Platjie, bl. 108); vgl. Hgd. *Selten wie Speck in der Judenküche* (Wander 4-539); *Im Hundstall mus man keine Bratwurst suchen*; Lt. *Si lecto quaeris canis unctum, stultus haberis* (Seiler 86).

Geld is so skaars soos hoendertand (Vryheid, Swellendam en omstreke) (oorbekend in Engels). Volgens Wander (4-539) is in Egipte 'n gesegde: so skaars soos vlieëharsings.

Geld is so skaars soos vere op 'n padda (kyk by GELD); vgl. Ndl. *Voorzien van geld gelijk een puit van veeren* (Joos 24).

So skaars soos „Oom Paul”-ponde.

Geld is so skaars soos water in die Kalaharie, soos goeie vroue (Bethlehem).

So skaars soos predikante in die hemel (Springbok); . . . soos vlieë in die winter; so yl soos 'n ryk Hotnot se skape (veral in verband met baard) (Parys).

So skaars soos melk by 'n os; vgl. Hgd. *Das kommt wie bei alten Weiben die Milch* (Sandv. 39).

„Toe was goeie onderwysers in die Transvaal net so skaars as gesoute perde” (Die Huisg. 14/10/'38).

SKEEF (vgl. KROM).

So skeef soos 'n krap (algemeen); ook Ndl. vgl. Joos; Gron. *schijf as 'n krab* (schuin, wat recht moet zijn) (Molema 166); Lt. *Ut transvorsus, non provosus cedit, quasi cancer solet*, . . . seitwärts wie ein Krebs (Otto 68).

So skeef soos Kimberley se strate; vgl. Ndd. *So scheif as de Wëag na Oaken* (Eck. 456).

Kyk by KROM vir die volgende: Ndl. *Hij is zoo scheef als eene lat* (Welters 117), *als eene zichel* (Joos 21); Ndd. *So scheif as 'ne Brücke* (Krummholz) (Eck. 456).

SKEEL.

So skeel soos 'n hoender; vgl. Ndl. *Scheel zien gelijk een hoen* (Kous.).

So skeel soos 'n gans (Bloemfontein, Stormberg, Klerksdorp, onder die Boere in Argentinië); vgl. *Jou skeelgans!*

So skeel soos 'n skaap (algemeen, o.a. Dealesville, Dewetsdorp, Winburg, Pietersburg, Laingsburg, Calvin'a, Witbank, Moorreesburg); so skeel soos 'n ou-ooi (Witbank).

So skeel soos 'n kolhaas (Boland); so skeel soos 'n dronk Jood (Springs); . . . soos 'n uil in 'die daglig (Springbok); vgl. Ndl. *Scheel zien gelijk een otter* (Joos 21).

So skeel soos Nelson ('n bekende 'n Namakwaland) (Springbok).

SKELM (vgl. LISTIG).

So skelm soos 'n rooijakkals (algemeen); so skelm soos 'n kraai, 'n raaf (Springbok); so onderduims soos 'n wolf (Laingsburg); so slinks (slu, skelm) soos 'n slang.

So skelm soos 'n dief, soos die duiwel; so skelm soos 'n skrifgeleerde (Bloemfontein).

So skelm soos 'n Boesman, 'n Tamboekie; so skelm soos 'n Jood. Vgl. Ndl. *Bedriegen gelijk een Jood* (Joos 12).

SKERP.

So skerp soos 'n mes, 'n els, die punt van 'n naald; ook Ndl., vgl. Joos 21; Vls. *Zoo scherp as e mes, as ne priem* (Teirl. 2-259); Eng. *As sharp as a needle*.

So skerp soos 'n vlym; vgl. Hgd. *Sa scharf as 'ne flêite* (Wander 4-104).

So skerp soos 'n skeermes; „'n Stem so skerp soos 'n skeermes" (Ampie, bl. 22).

So skerp soos 'n ui, soos peper; vgl. Ndd. *So scharf asse mostard* (Eck. 451); Eng. *As keen as mustard*; almal figuurlik gebruik. Vgl. ook Afr. so skerp soos 'n peperwortel.

SKIELIK. Vgl. ONVERWAGS.

So skielik soos 'n bomslag, 'n pistoolskoot; vgl. Hgd. *Er fiel wie eine Bombe ins Haus* (Schrader 263); *Wie aus der pistole geschossen, urplötzlich* (Sandv. 44).

In plat taal: so skielik soos 'n groot k—k; reeds sewentiende-eus; vgl. „'t Komt so schielijck aen as het kacken" (Van Moerk, bl. 38).

SKOON.

So skoon soos silwer (vgl. silwerskoon), soos 'n nuwe sikspens.

So skoon soos 'n paleis, 'n hospitaal, 'n apteek.

So skoon soos 'n gelekte kat; vgl. Hgd. *Er sieht aus wie geleckt* (wie die Katzen leckend sich putzen, d.h. im höchsten Grade Sauber) (Schrader 153); sewentiende-eeus:—

„Segt datse is soo hel, soo klaer soo blanck, soo wit

Gelijck ons buijr-wijfs kat, die dikwils after sit” (Van M., 151).

Ironies: Haar huis is so skoon soos oom Joos se varkhok (Harrismith, Bloemfontein). Vgl. hfst. 3(k).

SKRAAL.

So skraal soos 'n paal, soos 'n telegraafpaal (Springbok); so skraal soos 'n riethaan (Paarl, Porterville).

SKU. Vgl. SKAAM.

So sku soos 'n hond wat vet gesteel het (Paarl, Porterville); so sku soos 'n otter, soos 'n tarentaal. Vgl. Ndl. *Schuw als een haas, een hinde* (Joos 21); Vls. *Zoo schou as nen haze* (Teirl. 1-19)

SKURF.

So skurf soos 'n padda (algemeen); so skurf soos 'n ietermagog (Heilbron); skurwe Jantjie soos 'n aalwynwortel (Vryheid); so skurf soos 'n skurwejantjie.

So skurf soos 'n rasper (figuurlik, meestal in verband met iemand se gedrag).

SKYNHEILIG.

So skynheilig soos 'n predikant; vgl. sewentiende-eeus:—

„Je sout meenen dat het een Predicant was, so heijligh schijnt hij voor die gheen die 't niet en weten” (Van Moerk. 145).

So skynheilig soos 'n sedige vark (Ermelo).

SLANK.

So slank soos 'n plank (Jagersfontein). Kyk origens by MAER en DUN.

SLAP.

So slap soos 'n lap, soos 'n vadoek; vgl. Ndl. *Slap als een schotel-doek, een vadde* (Joos 21); Gron. *Slap as 'n schuddeldouk* (Molema 166).

So slap soos 'n pannekoek, soos deeg.

So slap soos 'n lat, soos 'n boog, soos 'n biesie; vgl. „Hy skop die kaffer dat hy soos 'n bisi inmekaar vou" (O.K. 1-165). Vgl. Ndl. *Slap als een wis* (Joos 21); Drents: *Slap als een wee* (twiigje om bezems te binden) (De V.—Verz. Opst. 2-189); Vls. *Zoo slap as 'n wisse* (Teirl. 2-304).

SLEG.

So sleg soos 'n Kaffer; slegter as 'n pikswart Kaffer; vgl. Amerikaans: *As bad as a freed nigger* (Wander 4-230) (Afr. so sleg soos 'n skoolkaffer).

So sleg soos 'n hond; vgl. Ndl. *lui als een hond* (Ndl. Wdb. 6-896); sewentiende-eeus: „Jou Teef, jeij bent soo snoodt als ijemant in de Stadt" (Van Moerk. 407).

So sleg soos 'n plaaspad; vgl. Hgd. *So slecht wie der Weg* (Wander 4-230).

So sleg soos 'n hongersnoodluis (Springbok); so sleg soos 'n miskoek; hy is slegter as 'n miskoek wat tog rook as jy dit aan die brand steek (as iemand nie sy man kan staan nie) (Zastron).

SLIM. Vgl. LISTIG, GESLEPE.

So slim soos die houtjie van die galg; vgl. Malherbe (bl. 214) waar variante aangehaal word. Kyk ook by Mansvelt, bl. 48.

So slim soos 'n kat; vgl. Ndl. *Slim als een oude kat* (Joos 21); Ndd. *He is so klök as uns Nâver sin Kâter, de kann dat Gras wassen hören* (Eck. 272).

So slim soos Salomo (algemeen); so slim soos Salomo se kat wat sewe kleintjies het. Vgl. Ndd. *He is so wis as Salomons Katt, de vör lüter Wisheit van 't Störken* (Feuerstübchen) *full* (Eck. 561).

So slim soos 'n rot; vgl. Ndl. *Een oude rat* (geslepen mensch) (Van Dale 1374); Vls. *Zoo slim as 'n ratte* (zeer slim) (Teirl. 2-5).

So slim soos 'n jakkals (algemeen); vgl. Ndl. *Slim als een vos* (Joos 21).

So slim soos die duiwel, soos die hel; sewentiende-eeus: „Zoo slim als de hel" (Van Moerk., bl. 291). Vgl. Hgd. *Die Frau weiss einen Punkt mehr als der Teufel* (Lipperh. 196).

So slim soos 'n advokaat, 'n professor, 'n waterwyser, 'n Jood; vgl. Ndl. *Wijs als een advokaat, een filosoof* (Joos 25), *zoo slim als een paardenkoper* (De Vooys); Ndd. *He is so klök as 'n Judenkind* (Eck. 272). Vgl. ook Ndl. *Hij is nog slimmer dan honderd boeren uit de Peel* (Welters 97).

So slim soos 'n akasiaduif (Springbok); „Hy is net so vol planne as 'n bokwa vol bobbejane" (Die Volksblad).

SLORDIG (vgl. **VUIL**).

Sy kamer is so slordig soos 'n koeliewinkel (Bloemfontein, Lady-brand); so slordig soos 'n hoenderhok (Vrede).

SMAAKLOOS.

So smaakloos soos saagsel, soos papier.

SMAL. Vgl. **DUN**.

'n Smal lyfie soos 'n perdeby; „Hul is naderhand so smal om die maag as 'n wipstertmier" (Von W.—J. Platjie, bl. 105).

SOET.

So soet soos suiker, heuning, stroop, moskonfyt; vgl. Ndl. *Zoet als suiker, eene kers, anijs, melk, boter, honing* (Joos 26); onder die Griekwas: *sô soet sôs suker* (Rademeyer 106).

„Sy woorde is soet as heuning, sy dade so smartend as die angel van 'n by" (Von W.—J. Platjie, bl. 48).

So soet soos koek; vgl. Gron. *Zuit as kouk* (Molema 166).

SOUT.

So sout soos pekel, brak, die see; vgl. Ndl. *Zout als pekel, brak* (Joos 26); *zout as brijn* (Boeken. 112).

SOVEEL.

Soveel soos hare op 'n hond; vgl. Ndd. *So viel as Hoar up 'n Ruën, opper Katte* (Eck. 546, 178).

Soveel soos die sterre aan die hemel; vgl. Ndd. *So viel as Sterren am Himmel* (Eck. 546).

Soveel soos die sand van die see; vgl. Hgd. *Wie Sand am Meere* (Sandv. 47).

Hy het meer dinge as wat 'n swart hond vlooië het (Heilbron), vgl. hfst. 3(k).

SPOGGERIG.

So spoggerig soos 'n vryperd, soos 'n Bolandse jong.

STADIG.

So stadig soos harmansdrup (algemeen); . . . soos harmansdrup wat in die ryp gehang het (Paul Roux); . . . soos harmansdrup op

'n wintersmore (Springbok, Bloemfontein); . . . soos harmansdrup op 'n koue yster (Bloemfontein); . . . soos 'haarmisdrup' in die winter (Zeerust).

So stadig soos 'n trapsuutjies; . . . soos 'n trapsuutjies met rumatiek in sy pote (Vryheid); „ . . . maar loop so saggies so's trapsoetjies" (Die Brandw. 1910-157). Vgl. Hgd. *Langsam wie der Olm* (Salmänder) (Wander 2-1118).

So stadig soos 'n slak (algemeen); . . . soos 'n gespande slak (Springbok); vgl. Ndl. *Traag als eene slek—kruipen als de slek met haar huis* (Joos 22); Lt. *Vicistis cochleam tarditudine*, ihr sind langsamer gewesen als eine Schnecke (Otto 86).

So stadig soos 'n skilpad; vgl. Ndl. *Traag als eene schildpad* (Joos 22).

So stadig soos 'n gespande luis (Aliwal Noord); vgl. Ndl. *Een voortgang maken als een luis*; sewentiende-eeus:— „Je bint als een luis oop een teerige huijt, so gauw" (Van Moerk., bl. 485).

So stadig soos 'n agteros; so stadig en bedaard soos 'n Frieskoei; vgl. Hgd. *Er geht langsam wie die Hofeochsen* (Wander 2-1789).

So stadig soos die dood, soos 'n doodkis, soos 'n begrafnisstoet.

So stadig soos 'n ou vrou wat nagmaal-toe gaan; vgl. Ndl. *Het is gelijk op een oudewijfs kerkgang* (van een feestmaal gezegd, waar weinig of geen vreugde heerscht) (De C.—Vr., bl. 195).

STANDVASTIG.

So standvastig soos 'n rots, 'n muur; ook Ndl. vgl. Joos 23; vgl. Hgd. *Eigen Nest hält wie Mauer fest* (Lipperh. 140).

STEEKS.

So steeks soos 'n perd, soos 'n befoeterde muil; vgl. „sy is so steeks soos 'n perd" (Ampie, bl. 98).

So steeks soos 'n perdeby (Heilbron), soos 'n ystervark; vgl. Ndl. *Stekelig gelijk een egel* (Joos 21).

Die perd is so steeks soos 'n remskoen (Bloemfontein).

STERK.

So sterk soos 'n perd (algemeen), so sterk soos 'n kanonperd (Villiers, Bloemfontein); vgl. Ndl. *Zoo stark as een jong peerdje* (Boeken. 1361); Hgd. *Er ist so stark als ein Pferd* (Wander 4-778); ook Vls., Eng., Frans ens.

So sterk soos 'n bees (algemeen), soos 'n os, 'n olifant; vgl. so sterk soos 'n bees, maar 'n hart soos 'n mossie.

So sterk soos 'n leeu (ook Ndl., vgl. Joos); „Hij was so sterk soos 'n lou en so rappad as 'n boejan” (J. Platjie, bl. 90); „Sterk als een leeuw, maar bang als een wezel” (M. Gijzen's Jeugd).

So sterk soos 'n boom; vgl. Ndl. *Sterk als een eik, een boom* (Joos 21); Vls. *Sterk as nem boom* (Teirl. 2-111); Hgd. *So dick en starck as en Baum* (Wander 4-779); *Stark und fest wie unsre Eichen* (Ostfriesland) (Lipperheide).

Sewentiende-eeus: „So dick en starck gelijcken ien eecke plank” (Van Moerk. bl. 115).

So sterk soos staal, soos yster; ook Ndl. en Vls., vgl. Joos en Teirl. 2-111; „Hy was 'n lywige ou boer, so sterk soos staal” (Die Brandw. 1/12/'39).

So sterk soos 'n reus, soos Simson, soos Goliat; ook Ndl., Vls. ens. Vgl. hfst. 3(g).

So sterk soos Pagel (ongeveer twintig jaar gelede baie gewoon—nou nog hier en daar gehoor); **so sterk soos Van der Walt** (vgl. hfst. 3(h)); **so sterk soos die duiwel, die dood**. Vgl. Lt. *Miles fortis tamquam Orcus*, wie der Teufel, wie der Tod (Otto 258).

So sterk soos ou botter, soos mosterd; vgl. Ndl. *Sterk als mostaard*: voor den smaak (Joos 21); Gron. *Stark as bedurven mosterd* (Bergsma 21).

So sterk soos 'n domkrag, soos 'n pilaar, soos 'n nuwe ferweelbroek; „Die brandewyn is so sterk as blaasbalkvuur” (Jacob Platjie, bl. 78).

STIL.

So stil soos 'n muis (algemeen); vgl. Ndl. *zich zoo stil houden als een muisje* (Welters 115); *hij was zoo piet als een muiskien* (Schuerm. 176) (Boeken. 804); Hgd. *So still wie eine Maus* (Wander 4-858); Eng. *As quiet as a mouse*; sewentiende-eeus: „So stil as ien muijs” (Van Moerk. 193). Kyk ook by Malh. bl. 267.

So stil soos 'n muis in 'n kalbas; . . . soos 'n muis in 'n meelkis; vgl. Vls. *Zoo stil as e muiske, as e muisk in 't meel, in ne meelbak* (Teirl. 2-284); Ndd. *Still as, de Mus in die Mülkist* (Eck. 503).

Kyk origins by St. 2-57 wat o.a. nog noem Fr. *Tranquille comme une souris*; Eng. *As mum as mice*.

Stil soos 'n graf, soos die dood, soos in 'n kerk, soos op 'n kerkhof; ook Ndl., vgl. Joos 21; Hgd. *Still wie in der Kirche*; Ndd. *'t Is hier so stille as up 'ner Dodenwake* (Eck. 503); Eng. *As silent as awe, as a tomb, as the sepulchre itself*.

So stil soos 'n dief in die nag; so stil soos 'n houtpop (Vryheid). Vgl. **Sit soos 'n houtpop**.

„Hulle het so stil soos hase agter hulle klomp bossies gelê en wag” (Die Huisg. 5/8/'38).

STOMP.

So stomp soos 'n tafelmes; so stomp soos 'n Kaapse mes (gevoelsassosiasie met: so stomp dat jy daarop Kaap-toe kan ry); vgl. Ndd. *So stump as 'n Saks* (älderer Name für Messer, schlechtes Messer) (Eck. 361).

So stomp soos 'n bottelstuk (Bloemfontein).

So stomp soos 'n koevoet, 'n koubeitel.

STYF.

So styf soos 'n bok, 'n bokkapater (algemeen); vgl. Ndl. *Stijf als een bok* (Kous.); Hgd. *Er ist steif wie ein Ziegenbock* (Wander 4-804); Ndd. *Hä es so stif as en Bock* (Eck. 500).

So styf soos 'n stok, 'n paal; vgl. Ndl. *Stijf als een plank, een knuppel, een stok, hout* (Joos 21), *zoo stijf als een staaf* (Van Dale 1567), *zoo stijf gewerkt als een knuppel* (Welters 115); Ndd. *He satt so stif as en Hoppenstaken*. (Eck. 500). Kyk'origens by Stoett 1-116.

So styf soos 'n laaistok, 'n lineaal; vgl. Eng. *As stiff as a poker* (Smith).

So stram soos 'n natgereënde kombuisdeur (Parys); vgl. Ndl. *Zoo stijf als een kerkdeur* (De Vooys); Gron. *Stief as 'n deur* (bv. van de jicht) (Molema 166).

So stram soos 'n bokram, soos 'n tang; vgl. Gron. *Stief as 'n tang* (Bersgma 21).

So styf soos 'n langwa (veral: hy hou hom so styf soos 'n langwa).

Hy hou hom so styf soos 'n houtpop (Aliwal Noord); vgl. „Stijf als een pop die zich door den medicus liet verzetetn” (Boefje 124).

So styf soos 'n snaar.

STOM.

So stom soos 'n vis (in die water); vgl. Ndl. *Stom als een visch* (Joos 12); Hgd. *Er ist stumm wie ein Fisch* (Frischb. 256).

So stom soos die graf; vgl. Hgd. *Stumm wie das grab* (Sandv. 54).

SUINIG.

So suinig soos die dood (vgl. doodsuinig); kyk by hfst. 2(a). So suinig soos 'n varksog met elf-en-'n-half kleintjies (Reitz, Bloemfontein); so suinig soos 'n taaipitperske (Parys); vgl. „Ons moet maar nie zoo taai-pit wees nie, als daar een bietjie geld gevra worden nie (Volksbl. 26 Nov. 1885)” (J. d. P. Sch. in T.W.K. 14-195).

So suinig soos 'n ryslepel (Frankfort, Heilbron, Swellendam en omstreke); so suinig soos 'n strooplepel op 'n wintersmore (Bloemfontein).

So suinig soos die regering; hy is so suinig vir sy geld soos 'n opdroogkoei vir haar melk.

So suinig soos 'n vrek (algemeen).

SUIWER.

So suiwer soos goud, silwer, 'n blom, 'n lirie; ook Ndl., vgl. Joos 26; Eng. *As pure as a lily*.

So suiwer soos drinkwater (veral in verband met iemand se politieke sienswyses); vgl. Ndl. *Zuiver als het water eener fontein* (Joos 26).

SUUR.

So suur soos 'n sermeinpeer (algemeen); vgl. Malherbe 305 en kyk origens by GESIG; so suur soos 'n hele mandjie sermeinpere (Viljoenskroon).

So suur soos asyn, soos 'n asynvat; ook Ndl., vgl. Joos 26.

So suur soos 'n kweper (Kroonstad); . . . soos kafferbier (Springbok). Vgl. Gron. *Zoer as kreus* (kras zuur—als zekere heidebes) (Molema 166).

SWAAR.

So swaar soos lood (algemeen); vgl. Ndl. *Het is zoo zwaar als lood* (Harreb. 2-35); Hgd. *Es ist so schwer wie Blei* (Wander 4-465).

So swaar soos 'n sak sout (Jacobsdal); . . . soos 'n gewig (Smithfield).

SWAK.

So swak soos 'n riet; vgl. Ndl. *Zwak als een riet, een stervende bloem* (Joos 26); sewentiende-eeus: „zo zwack as ien riet” (Van Moerk., bl. 90).

So swak soos 'n klein kind, soos 'n lammetjie, soos 'n pasgebore kalfie.

SWART.

So swart soos die duiwel, soos Satan; vgl. Ndl. *Zwart als oosje* (Kous.), *zwart als Lucifer* (Joos 26, Teirl. 2-236), *hij ziet zoo zwart uit als of hij familie van Lucifer was* (Harreb. 2-39); Eng. *Black as*

the Earl of Hell's Riding Boots (an expression once very popular in die navy to indicate a dark night) (*Sea Slang* 11).

So swart soos 'n Kaffer (of nog sterker: **so swart soos 'n pik-swart Kaffer**); vgl. Ndl. *Zwart als een neger, een moor* (Joos 26); Vls. . . . *as ne Mooriaan* (Teirl. 2-336); Lt. *Maurae similis foret puellae . . . non candidior puella mauro*, schwarz wie ein Mohr (Otto 215).

Uit die joernaal van Wikar ens., bl. 24: „zo zwart als tarentaale en alle pokdaadig” (d.w.s. so swart soos die kafferbewoners van Terra de Natal).

So swart soos 'n skoorsteenveër, soos 'n stoker, 'n smit, 'n mynwerker; vgl. Ndl. *Zwart als een kooldrager, een tooverheks, een schouwvager, een stoker* (Joos 26); sewentiende-eeus: „zo swart als een Smit” (Van Moerk., bl. 354).

So swart soos 'n kraai, soos 'n mol (ook Ndl. en Vls); **so swart soos 'n slang** (vgl. die skeldnaam *swartslang* vir 'n Kaffer); Ndl. *Zoo zwart als een raaf* (Harreb. 2-208); *zij is zoo zwart als een zeelt* (van een vrouw met vale huidskleur) (De C.—Vr. 201). Vgl. ook Ndl. Wdb. 5-603.

So swart soos kool, roet, 'n oond, 'n stoof, skoensmeer; vgl. Ndl. en Vls. *Zwart als een kool, een koolzak, roet, een oven* (Joos 26, Teirl. 2-236); *het is zoo zwart als eene kool* (Harreb. 1-430); Lt. *Tam excoctam reddam atque atram, quam carbo est*, schwarz wie eine Kohle (Otto 76).

So swart soos 'n ketel, 'n pot, 'n pan; onder die Griekwas: **swart sôs die pot** (Rademeyer 106); ook Ndl., vgl. Joos; sewentiende-eeus: „Sen hart dat is verbrangt veel swarter as ien hael” (d.w.s. 'n ysterketting waaraan die ketel oor die vuur hang) (Van Moerk., bl. 153).

So swart soos ink, soos pik, soos git; vgl. Ndl. *Zoo zwart als git* (vooral van de oogen gezegd) (Van Dale 604), *zoo zwart as ink* (Boeken. 370), *hij is zoo zwart als pek* (Van Dale 1285); sewentiende-eeus: „'t het en paer ooghjes zoo bruijn as en gitjen in zen hoofd” (van Moerk., bl. 166); „Die donderstorm het opgekom, so swart als ink” (Die Brandw. 1911, bl. 407).

So swart soos die sonde; vgl. Eng. *Black as sin*; „De kraaien als doodzonden zo zwart” (De Vlaschaard, bl. 9).

TAAL.

So taai soos 'n ratel (algemeen, vgl. Malh. 327); **so taai soos 'n kat** (soms met toevoeging: **wat sewe lewens het**); vgl. Ndd. *He is so taj as 'n Katt* (Eck. 577); *So tâg (zähe) as en Stockfisch* (Eck. 577).

So taai soos 'n stuk leer, soos 'n skoensool (van vleis gesê); vgl. Gron. *Toai as pisleer* (van vleesch) (Molema 166); Ndl. *Zoo taai as hondeleer* (zeer taai) (Boeken. 1362); Ndd. *He is so tâg as*

Hunn' nrēm (Hundeleder), *dat es so taoh asse Rindleär* (Eck. 577); Eng. *Tough as an old Lanyard knot*—the acme of toughness, whether applied to a seaman or a piece of meat (Sea Slang 144).

So taai soos 'n tameletjie (algemeen), soos lym, soos deeg, soos stroop, soos gom.

TEVREDE.

So tevrede soos 'n vis in die water; . . . soos 'n brommer op 'n mishoop (Springbok).

So tevrede soos 'n baba met 'n bottel (Aliwal Noord); . . . 'n Hotnot met 'n stompie, 'n sopie, dagga.

TIPIES.

So tipies Afrikaans soos 'n braaivleisaand; vgl. Hgd. *Deutsch wie Sauerkohl und Wurst* (Wander 1-577).

TOE (vgl. DIG).

So toe soos 'n klei-os se gat (algemeen); . . . soos 'n klei-os se neus (Paul Roux); . . . soos 'n skoolkind se ore (Bloemfontein, Fouriesburg).

So toe soos die plek waar die pot se pote sit (Kranskop); vgl. So dig soos 'n pot.

So toe soos 'n kerkdeur (Parys); vgl. Ndl. *Dicht als de poorten van Arnemuiden* (Kous.).

TREURIG.

So treurig soos 'n siek valk in 'n hoenderhok (Heilbron); so treurig soos 'n brandsiek luis op 'n dooie hond (Parys, Bloemfontein). Vgl. sewentiende-eeus: „Se benne daer so beroijt as ien luijs” (Van Moerk., bl. 42).

So treurig soos Job (algemeen); vgl. iets soortgelyks in Latyn: *Suaviolum . . . tristius elleboro*. Der Vergleich ist anscheinend sprichwörtlich (Otto 124).

So verdrietig soos 'n esel wat balk (taamlik algemeen).

TROTS.

So trots soos 'n pou (algemeen); vgl. Ndl. *Fier als een pauw* (Joos 14); Eng. *Proud as a peacock*.

So trots soos 'n haan op sy stertvere; vgl. *Trots als een haan* (Joos 22); „Toen keek hij zo fier, als een haan van een stooter, of een Prins van Biesjesdeeg” (Abr. Bl. 1-135—St. 1-289).

So trots soos 'n kropduif; vgl. Ned. „Zij liep zoo trotsch als een offer” (St. 1-290); *Hij steekt een borst op, als een pekelharing* (Tuinm. 2-157); „Sij steken haer borst op als een smerigh endt” (St. 1-125).

So trots soos 'n vryperd, 'n 'show'-perd; vgl. Ndd. *De is so stolt as 'n Soldatenperd, hei ös voll Stolz, wi de Bock voll Klättere* (Eck. 505).

So trots soos 'n Engelse 'Lord'; so trots soos 'n Roomse priester (Paarl. Porterville). Vgl. Ndl. *Fier als een Zwitser* (Joos 14).

„So trots soos 'n korporaal seil ek die tuin in” (Die Brandwag, 1911-205).

TUIS.

So tuis soos 'n volstruis (bloot terwille van die rym, vgl. hfst. 2(b)(ii); hy's Jantjie volstruis, waar hy kom daar is hy tuis; hy's nes 'n volstruis, waar hy kom daar is hy tuis. Kyk hiervoor by Malh., bl. 348.

So tuis soos 'n muis in 'n bak gruis; vgl. vir die drievoudige rym Eng. *As snug as a bug in a rug*. Hier skyn geen verband aan te wys met Ndl. *Als eene muis, altijd uit eten en nimmer t'huis* (Harreb. 2-108); Hgd. *Er ist wie eine Maus, die niemals ist zu Haus* (Wander 3-545).

So tuis soos vlooi op 'n hond; vgl. Ndl. *Hij is daar te huis als eene luis in een spijkerton* (Harreb. 1-342), hier egter ironies.

So tuis soos 'n vis in die water, soos 'n brommer op 'n mishoop; so tuis soos in 'n ou paar skoene; so tuis soos 'n boer in 'n paar velskoene.

Die volgende vergelykinge word ironies bedoel:—

So tuis soos 'n vark in 'n voorhuis, in 'n sinagoge (Petrus Steyn); so tuis soos 'n hoender in die water (Bloemfontein, Ficksburg, Aliwal Noord); so tuis soos die duiwel in die hemel (Dealesville); so tuis soos 'n haarwurm (erdwurm) in die droogte.

So tuis soos 'n uil tussen 'n klomp mossies (vgl. Malh., bl. 336); Ndl. „Het zou onnosel staan, als een uijl onder de bonte kraeijen” (uit R. Dafforne's Gramm.—De Vooys).

So tuis soos 'n veldsmerrie in die stal; vgl. Fri. *Sa freamd yn Jeruzelim as 't gûl yn' e needstal* (als een eenjarig paard in den noodstal) (St. 2-458).

UITGELATE (vgl. VROLIK).

So uitgelate soos 'n hond wat veld-toe gaan; vgl. Ndl. *Zoo dartel als een jonge hond* (Van Dale 716).

So uitgelate soos 'n jong vulletjie, soos 'n jaaroud vul; vgl. Ndl. *Klinksch als een drij-jaar* (peerd)—vlug, rap te been (Joos 17); Eng.

As lively as a colt; Ndd. *He is so darten* (ausgelassen) *as 'n Enterfahl* (einjähriges Füllen) (Eck. 74); *er ist munter wie e Soggfelle* (Saugefüllen) (Eck. 856).

UITGEVAT.

So fyn uitgedos soos 'n luis op 'n kam (baie bekend, o.a. Bultfontein, Heilbron, Louis Trichardt, Chrissiesmeer, Bloemfontein). Vgl. met verskil in betekenis Ndl. *Hij is zoo veeg als een luis op een kam* (Tuinm. 318); sewentiende-eeus: „Soo waer je soo veijgh als een Hollandsche exte, of een luijs op een kam” (Van Moerk., bl. 417).

Fyn uitgedos soos 'n koeliegod (Vryheid); . . . soos 'n meid wat bruilof-toe gaan (Heilbron); uitgevat soos 'n krismispop, 'n krismiskat (Bloemfontein). Vgl. Hgd. *Er ist geputzt wie ein Jahrmarkt-ochse* (Frischb. 87).

Fyn uitgevat soos 'n bruid, 'n koningin; vgl. Ndl. *Gekleed als een baron* (schoon) (Joos 15); Vls. *Gekleed zijn gelijk een koningin* (P. d. Mont en d. Cock—Wondersp., bl. 24—De Vooyes).

UITGEVREET.

So uitgevreet soos 'n kombuismeid, soos 'n vetmaakvark. „Een groote uitgevreete Fengo, nets een bokram, klaar om te stoot” (Z. Afr. 29/6/1889)—vgl. Eck., 25: *Hei öss uitgefrète wie e Boll* (uitgevreet soos 'n bul)” (J. d. P. Sch. in T.W.K. 14-195).

VALS.

So vals soos 'n kat; ook Ndl. en Vls. *Valsch als eene kat, een kater* (Joos, Van Dale, Teirlinck); Hgd. *Falsch wie eine Katze* (Frischb. 68); Fr. *Traître comme un chat* (De C.—Vr. 32); Hgd. *Falsch wie die Katzen, die vorne lecken und hinten kratzen* (Schrader 172).

So vals soos die skuim op die water; vgl. Gron. *Zoo valsch as schoem op 't water* (Molema 166); Ndd. *He is so falsch as Schum uppen Wäter* (Eck. 107).

So vals soos die houtjie van die galg (vgl. Malh. 214); Hgd. *Er is falsch wie Galgenholz* (Frischb. 60).

So vals soos 'n slang, soos satan, soos 'n Jood, 'n jodeskaal; vgl. Hgd. *Falsch wie e Eddelmann* (Frischb. 60).

So vals soos glasdiamante (Vryheid); vgl. „zoo zijn de zakke-rollers, vlug en handig en valsch als het goud van hun tanden” (De Telegraaf 4/3/'37).

So vals soos Judas (algemeen); vgl. hfst. 3(g).

VAS.

So vas soos 'n vlieg in 'n gompot (Vryheid); . . . soos 'n vlieg in 'n pot stroop (Vredefort); . . . soos 'n neet in 'n wolkombers (kyk by KLOU).

„Die slang kronkel hom daar so vas soos 'n neet aan 'n haar” (Die Brandw. 1/12/39).

So vas soos 'n muis (haas, tier) in 'n slagyster; vgl. Eng. *Like a mouse in a trap*; Lt. *Venisti huc, ubi mures ferrum rodunt*, hier bist du gefangen, wie die Maus in der Falle, hier giebt es keine Ausflucht (Otto 234); sewentiende-eeus: „Daer vangje heur dan mee as de' hasen metten stricken” (Van Moerk. 153).

„Daar stond hy toe vas, nets de aap by de timmerman” (Zamen-spr., p. 34). Die vergelyking sal wel verband hou met die een of ander verhaaltjie” (J. d. P. Sch. in T.W.K. 14-4). Dit wil egter eerder voorkom asof 'aap' hier betrekking het op die timmermansgereedskap. Van die ou vakmanne ken die woord 'aap' nog goed in hierdie verband. Kyk hiervoor by hfst. 3(j).

So vas soos in 'n skroef (Bloemfontein); so vas soos 'n opgerygde borsrok (Aliwal Noord). Vgl. Ndl. *Zoo vast als eene muts met zeven keelbanden* (St. 1-62).

VEILIG.

So veilig soos die bank (kyk by SEKER); vgl. vir Ndl. St. 1-66.

„Zoo vast als de bank. De zekerheid der Amsterdamsche bank was ten spreekwoord geworden, om eene zekerheid, welke boven alle bedenking verheven was, aan te duiden. Hij is zoo goed als de bank (hij is zeer soliede)” (Ndl. Wdb. 2-981).

So veilig soos 'n skilpad in sy dop; vgl. sewentiende-eeus: „Je slacht de schiltpad, je bent over al 't huijs” (Van Moerk., 418).

So veilig soos Noag in die Ark; . . . soos Moses in die hemel (Dewetsdorp); . . . soos 'n vark in Jerusalem (Volksrust); . . . soos Moses in die mandjie (die biesiemandjie). Vgl. hfst. 3(g).

So veilig soos 'n vlooi op 'n vlermuis (bevorder deur die konsonanterym); vgl. Eng. *As safe as a flea on a porcupine*.

So veilig soos 'n pennie in 'n spaarpot; die muur staan so veilig soos 'n stapel pampoene; so veilig soos 'n huis wat afbrand (ironies), Laasgenoemde kan moontlik in verband staan met Eng. *As safe as a house*.

VER.

So ver soos 'Woester' van Worcester (algemeen); so ver soos jou mond van jou bek is (Springbok).

So ver soos van hier na Kafferland (veral om familieverband-
skap aan te dui) (waarskynlik in die Kolonie ontstaan).

So ver soos van hier na die maan; so ver soos 'n ster. Vgl. Hgd.
So weit der himmel blau ist (Sandv. 8).

So ver soos jou oë kan sien; jy kyk ook nie verder as wat jou
neus lank is nie. Vgl. Ndl. *Zoo verre als de oogen dragen, zoo verre
zien als zijn neus lang is* (van eenen dwaze) (Joos 24).

VERANDERLIK.

So veranderlik soos die wind, soos die weer (ook Ndl.); so ver-
anderlik soos die wind wat waai (Vryheid); vgl. Ndl. *Veranderlijk
als de maan, het haantje van den toren* (Joos 23); Hgd. *Veränder-
lich wie eine wetterfahne* (Sandv. 60); Ndd. *Et is sau veränderlich
as de April* (Eck. 540); Eng. *A woman's mind is like the wind in
a winter's night* (De C.—Vr., bl. 35).

So veranderlik soos die mode, soos 'n vrou.

VERFLENTERD.

So verflenterd soos 'n aasvoël (Viljoenskroon) (eintlik: so ver-
flenterd soos een wat onder die aasvoëls deurgeloop het); so ver-
flenterd soos 'n voëlverskrikker, 'n rondloper.

VERHEWE.

So verhewe soos 'n kameel, 'n giraf, 'n kat; Ndl. *Verheven als
een pad op een kluut* (Tuinm. 2-142), vgl. hfst. 4.

VERLATE. Vgl. EENSAAM.

Ek voel so verlate soos die vlakte; so verlate soos die verlore
seun by die varkhok.

So verlate soos 'n graf; ek voel so verlate soos Tutankhamen se
graf (Bloemfontein).

VERLIEF.

So verlief soos 'n kat; vgl. Hgd. *Verliebt wie ein Märzkater, wie
ein Stint* (Frischb. 272).

VERSIGTIG. Kyk ook by BANG.

So versigtig soos 'n dief, 'n slang; ook Ndl., vgl. Joos 24.

So versigtig soos 'n bobbejaan (Laingsburg); so versigtig soos
'n hotnotsgod vir vyekonfynt (Swellendam en omstreke).

VERSKILLEND. Kyk by VERSKIL.

So verskillend soos dag en nag; vgl. Hgd. *Es ist ein Unterschied wie zwischen Tag und Nacht* (Wander 4-1481).

So verskillend soos winter en somer; . . . soos wit en swart. Vgl. Fr. *Il y a de la difference comme du blanc au noir* (Wander 4-1481).

So verskillend soos 'n muggie van 'n olifant; vgl. Ndl. *Het verschilt gelijk een rat van eenen olifant* (Joos 23); Hgd. *Dass passt wie eine Maus auf einen Elefanten* (Wander 3-1189); Ndl. *Dat gelijkt als een koe een endvogel* (Tuinm. 84).

So verskillend soos 'n appel van 'n ui; vgl. Eng. *As different as chalk from cheese*.

In plat taal: Dit lyk net so min daarna soos my gat; vgl. Ndl. *Dat lijkt er op als mijn gat op een kommetje soep* (dat lijkt het niet het allerminst op) (Van Dale 500).

VERSPOT.

So verspot soos 'n haan sonder stertvere; „Toe hy wegstap lyk hy so verspot soos 'n haan sonder stert wat na sy asem hyg” (J. Platje, bl. 206).

VERWONDERD.

So verbaasd asof hy uit die lug geval het; vgl. Ndl. *Verwonderd staan als viel men uit de lucht* (Joos 24).

So verwonderd soos 'n luis op 'n kam (Middelburg); Ndl. *Verwonderd gelijk een uil op eenen kluit, gelijk een uil of eenen aap in eenen porseleinwinkel* (Joos 24).

VET. Kyk ook by DIK.

So vet soos 'n vark (algemeen); vgl. Ndl. *Vet als een verken, spek* (Joos 24); Gron. *Vet as 'n zwien* (Bergs. 21); Ndd. *Hei is so fett als ne Kodde* (Schwein) (Eck. 113).

So vet soos 'n meulenaar se varke (Parys); vgl. Hgd. *Er nährt söck wie Müllers Hühnchen* (Frischb. 191).

So vet soos 'n dassie; vgl. Ndl. *Vet als een das, een mol* (Welters 115); *vet as 'n slak, een otter* (Bergsma 21); „zoe vet as slakskes” (Pallieter, bl. 10).

So vet soos 'n os, 'n slagos; vgl. Ndl. *Zoo dik als een os* (Ndl. Wdb. 2-1511). Kyk by St. 2-409 vir Ndl. *Zoo dik als eene koe zijn* (dronk).

So vet soos 'n mierkoningin (Vryheid); so vet soos lammerooie in die luserland (Springs).

So vet soos 'n wolsak, soos 'n vaatjie, 'n konka; vgl. Hgd. *He is so fett as en Predigstöl* (Wander 1-991).

So vet soos modder (meer dikwels: moddervet); vgl. Gron. *Vet as modder* (Molema 267); *zoo vet als modder* (Van Dale, 1010).

So vet soos Visser se ou-vrou (wat wou gaan sit, toe sit sy al), ontleen aan 'n gedig van Visser, vgl. hfst. 1.

So vet soos 'n brommer op 'n koolkop, op 'n mishoop; vgl. Vls. *Zoo vet as 'n mossele* (zeer vet, vooral van kinderen) (Teirl. 2-282).

VINNIG. Kyk ook by **HARDLOOP**.

So vinnig soos blits, soos 'n blits, 'n weerligstraal; vgl. Ndl. *Rap als de bliksem, het weerlicht* (Joos. 20); Hgd. *Das geht wie der blitz, wie geschmiert* (Sandv. 20).

So vinnig soos 'n vetgesmeerde blits op vier wiele, op geoliede wiele; . . . soos 'n vetgesmeerde blits op kruiwawiele; . . . soos 'n vetgesmeerde blits op 'n afdraend; so rats soos 'n vetgesmeerde blits in 'n suikersakkie (Hellbron).

„So gou soos 'n gebotterde sonstraal” (J. Platjie, bl. 186); „Hij mos loope as de gesmeerde bliksem” (Boefje, bl. 71). Vgl. in Hgd. „Besonders schnelle Bewegungen vollziehen sich wie ein geölter Blitz” (Seiler 165).

So blitsig soos 'n blesbok, soos 'n by; vgl. Ndl. *Snel als een hert, vlug als een bie* (Joos); Gron. *Vlug as 'n bei; vlogge as 'n iem* (volkomen gezond) (Molema 166); Ndd. *He is so flügge as 'n Imme* (Biene) (Eck. 120).

So vinnig soos 'n haas; vgl. Ndl. *Vlug als een haas* (Joos 24); „Zoo vlug als hazen” (De Unie, 1-276).

So vinnig (bedrywig) soos die miere; vgl. Lt. *distrahitur cito, quam si tu obicias formicis papaverem*, so schnell, wie die Ameisen den Pfeffer beseitigen, d.i. sehr schnell (Otto 141).

So vinnig soos 'n veldmuis; vgl. Ndl. *Rap als een muis* (Joos 20); Ndd. *He is so flügge as 'n Spikermüs* (Eck. 120); „Toe hy Sina so vinnig as 'n muis sien opspring” (J. Platjie, bl. 31).

So vinnig soos 'n valk; vgl. Ndl. *Zoo vlug als een ekster* (Van Dale 439), *snel als een vink, een zwaluw, vlug als een vogel in de lucht* (Joos 24); Ndd. *So fix als ein Tivillik* (Kiebitz) (Eck. 117); Hgd. *Schneller als ein Adler* (Wander 4-314).

„So vinnig as 'n valk om iets te ontdek” (Ampie, bl. 49).

So vlug soos 'n vlinder; vgl. Ndl. *Rap als een vlieg* (Joos 20).

So vinnig soos 'n vis in die water; vgl. Ndl. *Snel als een visch* (Joos 21).

So vinnig soos 'n windhond; ook Duits, vgl. Schrader 115.

So vinnig soos die duiwel, soos die hel; vgl. hy het soos 'n bles-
duiwel by die dam uitgeborrel (Zastron); Hgd. *Es geht wie der Teufel*

(Sandv. 20); Eng. *Quicker than hell would scorch a feather* (Sea Slang, bl. 109).

So vinnig soos 'n pyl uit 'n boog; vgl. Ndl. *Rap als een pijl uit den boog* (Joos 21); Hgd. *Er kommt daher wie aus einer Kanone* (geschossen) (unerwartet schnell) (Schrader 266); Eng. . . . *like a shot*; Hgd. *Schnell wie ein Pfeil* (Wander 4-304).

So vinnig soos die wind, soos 'n veldvuur in die wind; ook Ndl., vgl. Joos; Hgd. *Schnell wie der Wind* (Wander 4-304).

So vinnig soos 'n voorslag, 'n vuurslag (vgl. Malh., bl. 349 en 353).

So vinnig soos Vaaltyn en Rietbok (Betsjoeanaland), name van vinnige donkies, vgl. hfst. 3(a).

So vinnig soos 'n gedagte; vinniger as wat jy tien kan tel; so vinnig soos jy sê „witblits”; so gou as jy kan sê „knipmes” (vgl. O.K. 2-232). Vgl. Ndl. *Rap als tellen* (Joos 20).

VOL.

So vol soos 'n opgestopte kalkoen; so vol soos koning George se kombuishoender (Laingsburg). Vgl. sewentiende-eeus: „zo vul ghelike eenen capoen die men stelt te vettene” (Van Moerk., 107)

So vol soos 'n volstruisëier; vgl. Ndl. *Het is er zoo vol als een ei* (er kan niemand meer bij, in eene zaal) (Van Dale 436); *hij is vol loghenen, als een eij vol sùvels* (vocht) (Meijer 70); Vls. *'t Glas es zoo vul as 'n ai* (Teirl. 1-385); Ndd. *He is so fûl as Eiersôt* (Eck. 108); *As-full as an egg* (Smith); Fr. *C'est plein comme un oeuf* (Wander 4-1684).

So dik of vol soos 'n bosluis (Zastron); so vol soos 'n vark; vgl. Ndl. *Sat als een verken* (Joos 21).

So vol soos 'n miernes; vgl. Ndl. „Vol als mieren nesten” (Het donkere Licht, bl. 116); *vol als een potje met pieren* (De V.—Verz. Opst. 2-190).

So vol soos 'n nagmaalskerk (Winburg).

VOLOP.

So volop soos vlieë in die somer, soos vlieë op 'n vleisblok; vgl. Eng. *As frequent as flies in January*; Hgd. *Selten wie Fliegen im August* (ironisch) (Wander 4-539); Ndl. *Zoo dicht, zoo vol als haft*—in talloze menigte (nl. klein insektetjies wat in die somer in tallose menigtes bokant die riviere verskyn) (Ndl. Wdb. 5-1515).

So baie soos blare aan die bome; ook met alliterasie: so volop soos vygies; so volop soos onkruid. Vgl. „ende 't land zo vol vee, als gras op 't veld” (Dagverh. van Jan v. R., bl. 254).

So baie soos hare op 'n hond se rug; vgl. jy het ook meer nukke (dinge) as hare op jou kop; Ndl. *Zoo dicht als haar op den hond* (Welters 115).

So volop soos predikante in die hel; vgl. Ndl. *Ze zijn zoo dik als de advocaten in de Helle* (Joos 13); Ndd. *Hei geit derin, äs de Advokate in de helle* (Eck. 74).

So volop soos sprinkane, soos sand in die woestyn, soos miere om 'n koek heuning.

VRIENDELIK.

Die meerderheid van hierdie vergelykinge is ironies.

So vriendelik soos 'n kat, soos 'n tierwyfie; vgl. Ndd. *He is net so fründelk as 'n arm vull jung Katten* (Eck. 129); sewentiende-eus: „sij is so vriendelyk as een arm vol katten” (uit Br. se Klucht van de Koe) (De V.—Verz. Opst. 2, bl. 191).

So vriendelik soos 'n teef wat klein hondjies het; . . . soos 'n broeis hen.

So vriendelik soos 'n sersant-majoor van die rekrute; . . . soos 'n engel met vals tande (Kranskop). Vgl. Duits *Hei öss frindlich wie e junger Mörder* (Frischb. 72); Ndl. „Je bent even vriendelyk als een gevangeweaorder” (Wilde Vaart, bl. 194).

Nie ironies nie: So vriendelik soos 'n hond met twee sterte (Kranskop).

VROLIK. Vgl. UITGELATE.

So vrolik soos 'n klomp vinke; vgl. Ndl. *Geestig als een vogeltje op eenen tak* (zeer vrolijk) (Joos 15); Ndd. *So frau (froh) as een kukuk* (Ec. 130); „zat en uitgelate lijk een jonge merel” (Pallieter, 124).

So vrolik soos 'n vis in die water; vgl. Hgd. *Lustig wie der Fisch im Wasser* (Wander 3-294).

So vrolik soos 'n lentedag, soos 'n koringkriek; „Ons is dan so vrolik as hasies op 'n kweekplaat” (J. Platjie, bl. 41); vgl. Hgd. *Er ist fidel wie ein Maikäfer* (Frischb. 64), *er ist munter wie ein Mistkäfer, wie eine Fliege* (Eck. 856).

VROT.

So vrot soos 'n ou meid; iemand is so vrot soos ou Herrie (Zeerust), vgl. hfst. 3(k).

So vrotsig soos 'n vlakvark (Bethal).

So vrot soos 'n eier, soos 'n raap, soos 'n oorryp tamatie; vgl. Ndl. *Voos als eene raap* (Joos 24); *rot als een mispel, als kaf* (Welters 114).

VRY.

So vry soos 'n voël op 'n tak, soos 'n vis in die water; ook Ndl. vgl. Joos 25; Hgd. *So frei wie der Vogel auf den Zweigen* (Wander 1-1147); Vls. *Zoo vrij as ne veugel an de lucht* (Teirl. 2-249). Kyk origins by St. 2-452.

VRYPOSTIG.

So vrypostig soos 'n brommer op 'n bol mis (Springbok).

VUIL.

So vuil soos 'n vark, 'n varkhok; vgl. Ndl. *Zoo vuil als een verken, een verkenkot* (Joos 25); Vls. *Zoo vuil as e verken* (Teirl. 2-276).

So vuil soos 'n maer koei wat in die modder vasgesit het; vgl. Gron. *D'r oetzijn as 'n diekschoap* (alleen van vrouwen gezegd, 'en zooveel als: erg bemodderd zijn) (Molema 74).

So vuil soos 'n tang (Franschhoek) (meer gewoon: so vuil dat jy hom nie met 'n tang kan aanraak nie); vgl. Ndl. *Vuil als een tang* (Joos 25, Teirl. 2-276); Hgd. *He is so fûl, ban sull em nig mit de Tang anfaten* (Wander 1-940). Kyk origins by Malh., bl. 329.

So vuil soos 'n lunsriem (vgl. hfst. 3(c)); by Mansvelt: „Lunsriem—figuurlik van een vuilen kerel of rondlopenden Engelschman gezegd” (bl. 99).

So vuil soos 'n kaining (dikwels met toevoeging: jy kan nie aan hom vat nie).

So vuil soos 'n koeiliemeid (vgl. Ampie, bl. 112); so vuil soos 'n kombuismeid wat stoof skoonmaak; vgl. Hgd. *Schmierig wie a Kuchlmensch* (Wander 4-278).

So vuil soos 'n skoorsteenveër, 'n mynwerker, 'n stoker, die duiwel; vgl. Ndl. *Vuil als een assepoester, de duivel* (Joos 25).

So liederlik soos 'n ashoop; vgl. Hgd. *Er ist so faul wie Mist* (wie ein Misthaufen) (Wander 4-278).

So vuil soos 'n vadoek, 'n skroplap, flou koffiewater (Springbok); . . . soos 'n smeerlap, 'n smeertou (Paarl, Porterville); smerig soos 'n wasbak (Worcester); so vuil soos 'n fabriek, soos 'n spoorwegkamer.

WAAKSAAM.

So waaksaam soos 'n waghond, soos 'n wildebeesbul.

„Die Boere was so wakker soos 'n trop hoenders waar 'n valk oor gevlieg het” (Bart Nel, bl. 28). Vgl. Ndl. *Wakker als een vink, waaksaam als de haan* (Joos 25); Ndd. *So wacker as 'ne Biene, ne Docke* (Puppe) (Eck. 550).

WAAR (kyk ook by SEKER).

So waar soos padda manel dra (algemeen); vgl. Malh., bl. 287 waar vermoed word dat die voorstelling oorspronklik negatief was; so waar as patat (Malh. 288, vgl. ook hfst. 3(a)); so waar soos pada-vissies (Klerksdorp, Standerton, Bloemfontein); vgl. in hierdie verband „so seker soos wat padda kaal is” (O.K. 1-44) en so kaal soos 'n padda.

„So waar as wat padda hemp dra” (Somer, bl. 94).

„So waar as kikvors padda is” (Z. Afr. 4 Aug. 1846). Vgl. hiermee die skertsende bevestigingsformule, so waar as kikvors met padda getrou het” (J. d. P. Sch. in T.W.K. 14-18).

So waar soos ek leef (algemeen); reeds 17de-eeus: „So waer as ick leef” (Van Moerk. bl. 87).

So waar soos vet (Van Eng. *as sure as fate*), vgl. Malh., bl. 342.

So waar soos die heilige evangelie, soos die Bybel; vgl. Ndl. *Waar als 't evangelie* (Joos 25). Kyk ook by St. 1-200.

So waar as wat daar 'n son aan die hemel is; „So waar as die lug blou is” (Hans Die Skipper, bl. 24); so waar as wat ek hier sit, staan, loop; so waar soos vet. Vgl. Ndl. „zo/ wezenlijk als ik hier zit” (Het Nieuwe Begin, bl. 68).

WARM.

So warm soos die hel, soos 'n kool vuur, soos 'n oond, 'n bak-oond; vgl. Ndl. *Warm als vuur, in eenen oven, in eene broeikas* (Joos 25); Vls. *Zoo heet als vier, as 'n kole vier, as nen ovene* (Teirl. 1-23).

So warm soos 'n brandyster; vgl. Vls. *Zoo heet as e gloeiend ijsere* (Teirl. 1-23).

„So warm soos 'n eier in 'n ketel kookwater” (O.K. 2-158); vgl. Eng. *Warm as toast*.

So warm soos 'n sinkhuis in die Karoo, soos 'n klip in die Kalaharie, soos swart koffie in 'n blikbeker.

WEG.

So weg soos 'n warrelwind (Vryheid); se weg soos 'n groot speld (kyk by VERDWYN); so weg soos 'n droom (vgl. Eng. *it vanished like a dream*).

So weg soos 'n muis ('n veldmuis, 'n streepmuis); vgl. Hgd. *Fort war er wie eine Maus* (Schrader 185).

WELKOM.

So welkom soos wyn, soos die lentereëns, soos Krismis, soos die somervakansie.

Origens is die vergelykinge hier meestal ironies:

So welkom soos tandpyn, soos kasterolie, soos 'n skoonma; vgl. Ndl. *Iemand kunnen missen als kiespijn* (St. 2-32).

So welkom soos 'n vark op 'n Jodebruilof (in 'n sinagoge); vgl. Ndl. *Hij is er gezien als een varken in eene Jodenkeuken, zij's overal gezien als een hesp op de Joden-bruiloft* (zeer slecht dus, want de Joden eten geen varkensvleesch) (Molema 271); Ndd. *He es so wellkomm as en Ferken en ên Jôdenhûs* (Eck. 567); Hgd. *Man sieht ihn an, wie den Schinken auf einer Judenhochzeit* (Wander 1-100).

So welkom soos 'n hond in 'n kerk; vgl. Ndl. *Welkom als een hond in den hutsepot, als eene kat in de melkkamer* (sch.) (Joos 25), *het lust mij als een dief het hangen* (De C.—Gebr., bl. 97); Ndd. *He is dar so wilkamen, as dar wâter in 't Schipp* (Eck. 567); Ndl. *Zo welkom, als de eerste dag in de vasten* (Tuinm., Meijer, Joos); 17de-eeus:—

„Ghij sijt so wellecom geraecht,

Gelijck als den eersten dach in de Vasten” (Van Moerk., bl. 207).

WERD.

Net soveel werd soos 'n afgesnyde lamstertjie; „Jy is omtrent vir landsbelange soveel werd as 'n afgesnyde lamstert” (Kruispad, bl. 78).

Net soveel werd soos 'n paar ou skoene; vgl. Hgd. *Er gibt so viel darauff als auf ein alt pahr Schuh* (Wander 1-554).

Net soveel werd as 'n wa sonder 'n disselboom, as 'n geweer sonder 'n koeël; vgl. dit help net soveel as 'n meisie se hoed vir die son. Vgl. Ndl. *Dat is net zoveel waard als een verroeste kolfplaat* (De Vooy's).

Net soveel werd soos 'n nul op 'n kontrak (Wesselsbron); vgl. *Ievers gerekend worden gelijk eene O in het cijferen* (niet geteld worden) (Joos 15).

Net soveel werd as 'n handvol vlieë (Lindley); vgl. Ndl. *Daar kan men zoo min op aan als een hand vol vliegen* (Welters 81).

Jy beteken net soveel as 'n varkwors op 'n Jodepiekniek (Bloemfontein). Vgl. WELKOM.

Net soveel werd as 'n poep op 'n lappie (algemeen).

WERKSAAM. Vgl. BESIG.

So werksaam soos die miere, die bye; so ywerig as 'n vlieg op 'n volstruis se spoor (Springbok). Vgl. Ndl. *Werksaam als eene mier, eene bie, een zijdeworm, eene spin* (Joos 25).

WILD.

So wild soos 'n wildekat, 'n tierwyfie, soos 'n Afrikanerbul; vgl. Ndl. *Wild als een stier, een tijger*.

So wild soos 'n veldmerrie (algemeen); vgl. Ndl. *Wild als een losgelaten veulen* (Joos 25).

So wild soos 'n valk; vgl. Eng. *Wild as a hawk*; Gron. *Wild as 'n kraai* (Molema 166).

So wild soos 'n bok vir 'n skoot hael (kyk by BANG).

WIT (vgl. BLEEK).

So wit soos die dood, soos 'n lyk, soos sneeu, kryt, was, kapok, marmer, melk; vgl. Ndl. *Wit als krypt, sneeuw, de dood, was, de muur*; Vls. *Zoo wit als melk, snee, was, 'n ai, de dood, de muur, nen doek* (Teirl. 2-314); Middeleeus: „wit alse een snee” (Ferguut—Prinsen 33); Hgd. *Weiss wie schnee, wie alabaster* (Sandv. 59); Ndd. *So witt asse Snêi, às de Wand, as Hagel, as Marmel* (Eck.); Gron. *Wit als de muur (van schrik)* (Molema 166); Ndl. *Zoo wit as 'en wrongel (zeer wit)* (Boeken. 1227).

„So wit as kapok” (Ampie, bl. 134); „zoo wit as 'nen dooje” (Kinderen van ons Volk, bl. 195).

So wit soos gewaste wol, soos suiker, soos ivoor, soos my hemp; vgl. Ndl. *Zoo wit als uienzaad* (Welters 115); Vls. *Zoo wit als een gebleekt hemd* (P. d. Mont en de C.—Wondersp., bl. 21—De Vooy); Hgd. *Weiss wie Elfenbeen* (Sandv. 59).

WREED.

So wreed soos Dingaan (algemeen); so wreed soos 'n Boesman, soos 'n tierwyfie met tien kleintjies. Vgl. Ndl. *Wreed als een beul, een tiran, een tijger* (Joos 25). Kyk by St. 1-146 vir Ndl. *Hij is zoo wreed als de beul van Haarlem*.

WIJD.

So wyd soos die wêreld, die vlakte.

'n Mond so wyd soos 'n waenhuisdeur (kyk by MOND); vgl. Ndl. *Zoo wijd als een bruwketel* (Ndl. Wdb. 3-1601).

Hy glimlag so wyd soos hiervandaan na Blokseberg toe” (Uit my ou Vryst.). Vgl. *Ek wou dat jy op Blokseberg sit* (Malh. 134).